Die doop word vanoggend bedien aan Divan, seuntjie van Anton en Marlise Styger en Lula, dogtertjie van Louis en Tilla Botha.
Baie welkom aan al die familie en vriende wat vandag saam met die dopelinge in die erediens deelneem.

Tema: God is getrou aan sy verbond daarom moet ons antwoord op sy verbondsbeloftes!

Vooraf sang
Lied 305: 1,2
Lied 292: 1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 122 – 2: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 105 – 1: 1,2,4
Geloofsbelydenis.

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op die Vierde Gebod
HK Sondag 38
Sing Ps. 65 – 2: 2,3;
Gebed
Doopformulier
Sing by die doop: Ps. 105 – 1: 5.

Woorddiens
Skriflesing Psalm 105
Teksvers: Ps 105: 8 – 10 en 45

Woordverkondiging

Antwoorddiens
Liefdegawes
Sing Ps. 89 – 2:1,2
Seën
Amenlied Sb 13 – 3.

Geliefde brs en srs en kinders

Dit is so moeilik om te glo in iets wat jy nie kan sien nie! Wanneer die Here iets belowe maar jy sien dit nog nie gebeur nie, dan is dit verskriklik moeilik om te bly glo! Ons wil eers sien voor ons glo! Dink maar aan die reaksie van Moses of Gideon wat eers vir God bewyse gevra het van wat Hy aan hulle belowe het.

En brs en srs, wonderlik genoeg het God by hierdie swakheid van die mens aangesluit toe Hy met ons in 'n verhouding getree het. **Hy kom ons juis in ons swakheid te hulp Hy reg van die begin af duidelike tekens en bewyse gee van wat Hy beloof.** Die Here het dit met Abraham gedoen en die Here doen dit vanoggend weer by die doop van sy kinders. **Met hierdie doop wil die Here sê: "sien julle nou met julle eie oë dat Ek doen wat Ek beloof"**. Die klem val met die doop volledig op wat die Here doen.

God het die inisiatief geneem om die verbond met Abraham en met ons aan te gaan. Daarom is die doop Sy instelling om te bevestig wat Hy doen. **Ons kyk dit so maklik mis**. Die fokus val gewoonlik op wat ons moet doen. Wanneer doopouers oor die betekenis van die doop praat dan sal die meerderheid van hulle altyd die betekenis van die doop van toepassing maak op wat hulle as ouers moet doen. **Dit wat God doen staan gewoonlik op die agtergrond. Terwyl die doop eintlik hoofsaaklik gaan oor wat God doen en nie wat ons doen nie!**

Daarom sê die Here vanmore vir ons: **Hy is getrou aan sy verbond daarom moet ons antwoord op sy verbondsbeloftes! Die fokus val in die eerste plek op God en sy getrouheid en dan op ons reaksie daarop. Dit kan nie anders om wees nie geliefdes! Alles begin by God en ons kan slegs antwoord omdat God met ons 'n verbond gesluit het! Want God stel ons daartoe in staat!**

Kom ons kyk in die eerste plek – net om onsself weer goed op hoogte te bring - na God se beloftes met die verbondsluiting. En dan begin ons reg by die begin – by God se verbondsluiting met Abraham. Vers 9 van ons teksverse begin ook daar! In Gen 17: 7 – 9 staan daar: " Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag in al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond. Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag. Verder het God aan Abraham gesê: Jy moet my verbond nakom, jy en jou nageslag en al hulle geslagte."

En dan gee die Here ook aan Abraham 'n teken naamlik die besnydenis. 'n Sigbare teken om hom te herinner dat God met hom 'n verbond gesluit het. Hierdie teken moes ook aan elke manlike kind wat gebore word, aangebring word sodat hy dit met sy eie oë kan sien en **kan onthou** dat God met hom 'n verbond gesluit het.

God bevestig hierdie verbond later weer met Isak en Jakob en **ons teks sê duidelik dat hierdie verbond vir alle gelowige geslagte geld!** God het dit met Abraham begin maar dit loop deur al die gelowige geslagte tot by ons en ook weer met ons kinders! In die lig van Christus se versoeningswerk word die bloedoffer van die besnydenis vervang met die doop met water. So is ons gedoop en doop ons ook weer ons kinders!

So kom die Here dan ook vanmore, op grond van hierdie verbond, net soos eeue gelede om sigbaar in die lewe van hierdie kinders in te gryp. Divan en Lula ontvang van God self die teken van die verbond. Brs en srs, dink net vir 'n oomblik hieroor na: Die almagtige en ewige God kom bevestig vandag sigbaar dat Hy Homself aan hierdie kindjies verbind het. Dat hierdie kinders – soos ons - ook deel is van God se verbond en

deel het aan al God se beloftes! **Is dit nie wonderlik nie.!!! As ek netnou my hand in die water druk om die tweetjies te doop dan moet ons dit sien as God se hand wat self bemoeienis maak met sy verbondskinders! Brs en srs, dit is niks minder as 'n wonderwerk nie! Ons sien God hier aan die werk in sy verbondstrou!**

En nou is die belangrike: hierdie teken gaan nie in die eerste plek oor die kindertjies en hulle geloof nie, nee, dit gaan oor wat God doen en beloof met die doop. Daarom dat ons pasgebore babas ook doop. Want dit gaan nie oor wat hulle kan glo of nie kan glo nie, maar oor wat God doen! God staan volledig voorop by die doop!

Want geliefdes, God het nie net die verbond ingestel nie, Hy hou dit in die tweede plek ook in stand!
Deur al die geslagte heen! Hy vergeet nie soos ons nie! Nee, vers 8 lees in Hebreeus: God "dink" aan sy verbond! Hy vergeet nooit wat Hy ons beloof het nie! En om te bevestig dat Hy nie sal vergeet nie, sê ons teks: **God het met 'n eed belowe! Maw God het gesweer om te onthou!** En daarom het Hy ook die teken van die verbond, die besnydenis gegee – om **ons daaraan te herinner! Hy wil dat ons sien en glo!**

Die doop is om ons te **herinner dat God doen wat Hy belowe het!** Juis omdat ons so kleingelowig is, omdat ons so maklik vergeet, g**ee God 'n teken sodat ons nie sal twyfel in wat God beloof het nie! Want God het met 'n eed gesweer dat Hy nooit sal vergeet nie! En hierdie eed van God asook die teken van die doop bring vir ons sekerheid dat God sal doen wat Hy beloof het!**

Die inhoud van hierdie psalm bevestig dit ook! Nie minder nie as 40 keer word daar in hierdie psalm herhaal en bevestig wat God vir sy volk "gedoen" het! Hy doen wat Hy beloof!

Wat beteken dit dan vandag vir ons? Geliefdes, God se verbond en die sigbare teken daarvan gee vir ons **sekerheid dat God ook vir ons sal doen wat Hy beloof het!** En op grond van hierdie sekerheid kan ek met **vrymoedigheid na God toe vlug vir alles wat ek nodig het. Kan ek God vertrou met my hele lewe!**

Omdat God belowe het, kan ek , wanneer ek bang word, wanneer ek bedroef is, siek is, bekommerd is en as ek alleen is, kan ek na God toe gaan want Hy sal vir my sorg op grond van hierdie verbond – Hy het dit met 'n eed aan my beloof en met 'n teken vir my gewys! En die Here sal doen wat Hy beloof het!!

Geliefdes, wat 'n heerlike allesomvattende vertroosting is dit nie vir ons nie! **Dat ons in die sekerheid van God se beloftes kan lewe! Midde in 'n wêreld waar alles onseker is en waar ons ons oor so baie dinge bekommer.**

Maar hierdie troos en sekerheid is nie net vir ons nie, ook vir ons kinders! So kan die doopouers vanmore hierdie kindjie van hulle voor God kom hou om hulle en vir en hulle kinders te bevestig dat die Here ook hierdie beloftes van sorg vir hulle almal sal waar maak! Geliefde verbondsouers, wat 'n heerlike troos is dit nie! Die Here beloof dat Hy julle sal help in dit wat Hy wil hê julle moet doen!

Wat 'n heerlike voorreg wat ons as gelowiges mag smaak om in hierdie wêreld met sy onsekerhede, met sy ellende, **so deur God verseker** te word van sy sorg!

God sorg vir alles in ons lewe! Dit blyk baie duidelik uit die geskiedenis wat in ps 105 geteken word. In die **eerste plek: God se geestelike sorg!** Hy sorg dat sy volk gered word! Reeds aan Abraham beloof God dat hy die land Kanaan sal verkry! Kanaan, br en sr, is di**e simbool van ons verlossing en saligheid**. Dat ons die ewige lewe van God kry!

Die psalm teken die verlossingpad vir ons mooi! Hy verwys na die verlossing uit Egipte. Josef is gestuur om die land voor te berei! Later is Moses gestuur om die volk uit te lei**! So is Christus gestuur om ons uit die slawerny van die sonde te red en ons in die beloofde land van geloof en verlossing te bring! God sorg dat ons gered word! So stuur Christus ook weer die Heilige Gees om by ons te bly terwyl Hy vir ons die nuwe aarde voorberei. Die Heilige Gees gee geloof, hoop en liefde in jou lewe!**

Brs en srs, wat beteken dit vir jou? Dat God gesorg het dat ek en jy gered word! Dat ons kinders kan glo en ook gered word! Dit is wat God doen!

Maar God sorg ook vir ons aardse behoeftes! Die psalm vertel van God se sorg in die alledaagse lewe van sy kinders. Hy sorg vir kos, water, klere, ‘n huis, lewensmiddele ens. Die Here sorg vir alles. Hierin is daar vir ons ook die wonderlike troos – **ook as ouers wat met ‘n klein kindjie vandag voor God staan met die vraag in hulle hart: hoe sal ons dit alles kan doen?** Weet dat God sal sorg!

Hoekom? Want God dink elke dag aan sy verbond! Hy vergeet nie wat Hy ons belowe het nie!

En nou kom die vraag? Hoe antwoord ons op hierdie verbond van God? Dat ons **moet** antwoord was van die begin af duidelik: God het vir Abraham gesê: “ maar jy moet my verbond onderhou!” God **verwag ‘n antwoord op sy verbondstrou.** Hy vergeet nie, maar Hy wil ook dat ek nie vergeet nie! Ons teks sê in v**ers 45: “**ek moet sy voorskrifte gehoorsaam en sy wil doen!” Hierdie vers sê baie duidelik: God het al hierdie dinge vir my gedoen, **sodat** ek Hom moet gehoorsaam en sy wil moet doen!

Reeds in vers 5 is ons al opgeroep om te dink aan God se beloftes! Maar ons moet nie net daaraan dink nie – ons moet met geloof en gehoorsaamheid daarop **reageer!**

En brs en srs, hierdie reaksie begin al van kleins af! God gee die geloof in my hart en reeds vandat ek my verstand het en kan onthou, moet ek die Here dien! Soos die doopouers vanmore belowe het, het ons ouers ons van kleins af in verhouding met die Here gestel. Ons het Hom leer ken as ons Hemelse Vader, ons het Jesus Christus leer ken as ons Verlosser en Here. Hoe meer ons bewus geword het van ons sonde en tekortkominge hoe meer het ons aan Christus begin vashou!

Ons ouers het ons uit die Woord geleer en reeds van die begin af het die Heilige Gees geloof en liefde in ons gewerk. **Hoe dit gebeur het weet ons nie, maar dat dit gebeur het staan vas want ons glo reeds van kleintyd af!** En op ‘n tyd, toe ons alles goed verstaan het het **God ons met ons belydenisaflegging ‘n belofte gevra:** Dat ons beloof om Hom lief te hê, getrou te dien en te volg!

Br en sr, met hierdie doop vanmore het God ons herinner dat Hy getrou bly en aan sy belofte dink. Maar Hy **vra ook vanmore vir elkeen van ons: dink jy nog elke dag aan jou belofte?** Is jy nog so getrou aan wat jy My belowe het?

Brs en srs, ek kan nie namens jou antwoord nie, maar met skaamte kan ek maar net vir myself erken en vanmore voor God bely: nee, Here ek vergeet so maklik! Ek raak so maklik ontrou aan my beloftes! Hoe ironies: van sien is glo kom ook nie veel in my lewe na vore nie!

Daarom is hierdie doop vanmore vir elkeen van ons ‘n **dringende oproep, ‘n dringend herinnering van die Here aan my dat ek my beloftes nie moet vergeet nie! Dat ek elke dag moet antwoord op my doop! Dat ek in God moet glo en die vervulling van sy beloftes en so in gehoorsaamheid om volg, elke dag van my lewe.**

Amen